JERIGO MURE GEBEDSGIDS – JANUARIE 2009

Donderdag 1 Januarie 2009

Gee God meer tyd om met jou te praat

Dit is die begeerte van elke Gelowige aan die begin van 'n nuwe jaar. Tog is dit feitlik altyd vir ons onmoontlik om konsekwent daarmee vol te hou. Een manier om seker te maak jy gee tyd vir God, is om 'n vriend vir 'n gereelde afspraak te nooi, ten minste een keer per week. Dit werk wonderlik vir mans en vroue wat 'n besige program het! Besluit op 'n dag en tyd in die week (of oor 'n naweek) wat julle albei sal pas. Oorweeg dit om julle tyd te begin deur die Bybel van Genesis tot Openbaring deur te lees, selfs al neem dit die hele jaar. Julle kan ook by Matteus of die Psalms begin. Een manier om God tyd te gee om met jou te praat, is deur die Woord te lees. Terwyl julle lees, hou op met lees en bid saam. Wanneer julle voel dat die Here met julle praat, lees dan weer verder. Daar is nie 'n eenvoudiger, meer opwindende manier om tyd met God deur te bring en terselfdertyd iemand te hê wat jou kan help om aanspreeklik te wees om tyd saam met God deur te bring nie. (Dit vervang natuurlik nie ons persoonlike stiltetyd met die Here nie. Dit koop net meer tyd uit saam met God op 'n aangename manier.)

Gebedsfokus op die kerk: Sendelinge in die buiteland

Bid asseblief vir die Suid-Afrikaanse sendelinge, Hans en Gerda Leithgöb, vir hulle bediening in Engeland oor praktiese gebed en intersessie. Vra die Here om hulle insig en baie wysheid te gee in elke omstandigheid, sodat hulle die gemeentes waar hulle onderrig gee, op hul vlak van behoefte sal ontmoet en bedien. Bid vir openheid onder Christene sodat hulle die Woord van die Here sal hoor en sterk sal wees om hierdie toerusting prakties in hulle lewens en persoonlike verhouding met hulle Hemelse Vader te benut. (*Herald Ministry*, Posbus 72163, Lynnwoodrif, 0040. Tel./faks: 012 348 1377. Webruimte: www.heraldministry.org of e-pos: herald@mweb.co.za).

Vrydag 2 Januarie 2009

Gesondheidsdeurbraak: SA se skenkerbloed sedert 2005 vry van MIV

Volgens die *Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens (SANBD)* is geen MIV-infeksies deur bloedoortappings sedert 2005 aangeteken nie. Die gebruik van nukleiënsuur-amplifikasietegnologie (NAT) identifiseer spore van genetiese materiaal van MI-, hepatitis B- en hepatitis C-virus in die bloed doeltreffender as ander metodes. Slegs 1% van die Suid-Afrikaanse bevolking skenk bloed, wat onvoldoende is vir 'n land met 'n hoë aanvraag. (Webruimte: http://www.mg.co.za/articlePage.aspx?articleid=337217&area=/breaking_news/breaking_news__national/). Dank God vir die verhoring van gebede in verband met die gesondheidsituasie in ons land. Hou aan bid dat hierdie rekord behou sal word. Bid ook vir die beskikbaarheid van meer bloed om te voldoen in die aanvraag.

Gebedsfokus op gesondheid: Swazi-bevolking aan die afneem

Die bevolking van die vigs-geteisterde koninkryk van Swaziland, alreeds een van die kleinste lande in Afrika, het in die laaste dekade met ongeveer een vyfde gedaal. Swaziland is besonder nadelig getref deur Suidelike Afrika se vigspandemie, met byna 40% van die volwasse bevolking wat deur die virus aangetas is. 'n Sensus het getoon dat 589 uit elke 100 000 vroue tydens kraam sterf, en dit maak die situasie besonder kommerwekkend. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=68&art_id=nw20080725162615243C729518&newslett=1&em=177813a6a20080726ah). Bid asseblief dat God 'n ommekeer in die situasie in hierdie land sal bewerk. Vra dat Swazi Christene sal luister na wat die Here God wil sê, want Hy belowe vrede aan sy mense, maar hulle moenie nie weer afdwaal nie. Vra dat Sy redding naby sal wees aan diegene wat Hom vrees sodat Sy Naam in Swaziland verheerlik sal word (**Ps.85:9-10**).

Saterdag 3 Januarie 2009

Gebedsfokus op geregtigheid: Jy kan misdaad help bekamp

Die *Misdaadlyn*-inisiatief is in Junie 2007 begin. Dit opereer onafhanklik en naamloos en is daarop gerig om misdadigers uit die strate te kry. Hierdie projek geniet die steun van die *Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD).* As iemand vermoed 'n persoon (selfs familie of vriende) is by misdaad betrokke, kan hulle dit nou naamloos rapporteer. Enige inligting aangaande misdadigers wat na die Misdaadlyn gestuur word, sal opgevolg word – ongeag of dit oortreders moordenaars, verkragters, rowers, kapers, dwelmhandelaars, bendes, of kindermolesteerders is (Webruimte: http://www.crimeline.co.za). Mense kan 'n SMS na 32211 stuur of http://www.crimeline.co.za besoek om hulle in staat te stel om naamlose wenke te stuur in verband met enige misdaad of verdagte optrede. Dank die Here vir inisiatiewe soos hierdie in antwoord op baie gebed oor die jare! Bid dat mense bewus sal word van hierdie inisiatief en dat baie misdadigers tereg sal staan vir hulle dade. Bid ook vir die beskerming van onskuldige mense.

Gebedsfokus op ekonomiese welvaart: China aan die opstaan

Met min ophef het 750 000 Chinese hulle oor die afgelope dekade in Afrika gevestig. Meer is op pad. China sal uiteindelik 300 miljoen mense na Afrika moet stuur om hulle probleme van oorbevolking en besoedeling op te los. China se bevolking het bykans verdriedubbel van 500 miljoen na 1,3 miljard in 50 jaar. Die handelsomset tussen Afrika en China het vermeerder van vyf miljoen pond per jaar 'n dekade gelede tot ses miljard pond vandag. Die leiers van onafhanklike Afrikastate is maar te gretig om besigheid met China te doen om 'n eenvoudige rede: kontant. Min daarvan bereik die kontinent se verarmde 800 miljoen mense. (Webruimte: http://www.dailymail.co.uk/news/worldnews/article-1036105/How-Chinas-taking-Africa-West-VERY-worried.html). Vra vir wysheid vir Afrikaleiers om die gevare van onverstandige besluite in te sien. Moet asseblief nooit ophou bid vir die redding van presidente en regeringsamptenare in Afrika en ook in China nie. Ware godvresende regerings is die enigste oplossing vir hierdie probleem.

Sondag 4 Januarie 2009

Memoriseer

Ek gaan jou aan My bind deur My onverbreekbare trou sodat jy aan My, die Here, toegewy sal wees. (**Hos.2:19**).

Vrede in die hart: Doen dit asof vir God

Nee, God het ons gekeur en die evangelie aan ons toevertrou, en so verkondig ons dit dan ook. Ons wil nie die guns van mense probeer wen nie, maar doen wat God verwag, Hy wat ons diepste gedagtes toets (**1 Tess.2:4**). Wat 'n onrusbarende gedagte, dat God ons harte toets. Regdeur die Ou Testament kyk God in mense se harte om te sien wat diep binne-in verborge is. In hierdie vers toets God spesifiek of hulle mense of God probeer tevrede stel in hulle prediking van die evangelie. Die vraag word vandag aan my en jou gestel: Wanneer jy vir Christus getuig, wat is in jou hart? Probeer jy mense met jou verhouding met God beïndruk? Of getuig jy op so 'n manier van God dat dit ander sal aanspoor om self ook die Here op te soek? Skilder jy God vir mense net met betrekking tot wat Hy vir jou doen?

As ons God NET voorstel vir wat Hy vir ons kan doen, eerder as vir wat Hy reeds vir ons in Christus gedoen het, sal mense teleurgesteld wees in God as Hy nie doen wat hulle wil hê nie. Dan het hulle die reg om teleurgesteld te wees of hulle geloof in God te verloor. Dan maak hulle staat op wat hulle uit hulle Christenskap kan kry. As ons God EERSTENS uitbeeld vir wat Hy vir ons in Christus gedoen het, sal mense Hom bewonder en vertrou as die Ewige Alwyse Een, ten spyte van moeilike omstandighede. Dan sal hulle glo soos 'n kind in sy pa, dat wat ook al gebeur, alles sal uiteindelik reg verloop, want sy pa het hom lief. Dan vertrou hulle in liefde.

Watter getuienis beeld jou lewe uit? Probeer jy mense of God tevrede stel? Wil jy nie 'n oomblik stilstaan om na te dink oor hoe jy die Here behaag nie? Neem vandag tyd vir gebed en vra Hom om jou te wys. Wag op Hom en

wees nederig om 'n verkeerde ingesteldheid van jou hart te erken as Hy vir jou terreine toon waarin jy nog mense behaag. Wanneer ek en jy God behaag, is ons harte rustig en heel.

Hemelse Vader, vergewe my asseblief vir die tye wat ek getuig, preek, skryf of leef op maniere wat veroorsaak dat mense die verkeerde indruk oor U as 'n liefdevolle en sorgsame Vader kry. Ek het U teregwysing in my eie hart nodig. Praat asseblief met my deur U Heilige Gees sodat ek sal weet hoe om U te behaag en gou sal wees om te bely wanneer ek dit nie doen nie. Help my om selfloos die evangelie uit te leef tot U verheerliking.

Is jy 'n ware man?

Dit kos 'n prys om 'n man van God te wees. Wie 'n man van God wil wees, moet sy identiteit in God vind. Baie van ons wil nie. Ons wil nog steeds "ons eie mens" wees. Wanneer ons 'n "man van God" word, word ons naam "Man van God". Elke ander naam en identiteit word onbelangrik. Daar is egter baie hindernisse: ons wil bv. steeds onder ons eie naam bekend wees; en ons wil so graag steeds erkenning ontvang vir dit wat ons gedoen het, vir ons suksesse, prestasies en dit wat uniek is aan ons. Wanneer ons net "man van God" is, is daar nie meer plek vir persoonlike eer nie. Dit is egter nie al nie: een van ons grootste benoudhede is waarskynlik dat ons elke oomblik in die teenwoordigheid van God moet wees en nie net wanneer ons wil nie. Vir 'n mens is dit 'n absoluut angswekkende gedagte. Dink vir 'n oomblik daaroor: "*élke oomblik".* Daar is nie een oomblik wat God nie weet wat ons dink of doen nie. Ons kan nêrens alleen wees nie. Daar is nooit 'n oomblik waarin ons net kan sit en niemand ons pla en ons "uitgelos kan word" nie. Soos 'n skaduwee is God altyd daar. En dit is dalk die oorgrote meerderheid van ons se diepste vrees: dat Hy elke oomblik daar sal wees. Dan kan ons nie soms net weer 'n keer kyk waar ons nie moet kyk nie of 'n paar "privaat" gedagtes dink nie, ons kan nie meer soms net presies sê wat ons in ons hart voel om te sê nie of af en toe 'n "bietjie" onheilig leef en nie net die hele tyd "in my spoor trap" nie. Miskien het ons nog nooit so daaroor gedink nie, maar ten diepste probeer die Adam in ons nog steeds vir God wegkruip.

Maandag 5 Januarie 2009

Gebedsfokus op redding: Skoolkinders

Wees baie versigtig hoe julle lewe: nie soos onverstandige mense nie, maar soos verstandiges. Maak die beste gebruik van elke geleentheid, want ons leef in 'n goddelose tyd (**Ef.5:15-16**).

Kinders in die primêre en hoërskool verkeer onder baie druk van maats om dwelms te gebruik, ander onwettige praktyke op die proef te stel of seksueel aktief te raak, sommige op die ouderdom van nege jaar! Roep tot die Here vir die redding van kinders op 'n vroeë ouderdom en ten minste voordat hulle die skool verlaat. Vra dat jongmense vry sal kom van groepsdruk en heilige lewens sal lei, en hulleself vir die huwelik sal bewaar. Bid ook dat die Here Hom as 'n betroubare Hemelse Vader aan hulle sal openbaar.

Gebedsfokus op sending: Vergete volke van Namibië

Die Herero-volk (bevolking van ongeveer 100 000) van sentraal- en oos-Namibië in Afrika woon al langer as 350 jaar in Namibië. Vandag kombineer hulle baie van hulle verstaan van die Christelike geloof met voorvaderaanbidding en toorseremonies. Die Herero glo in 'n veraf Opperwese genoem *Omukuru,* "die Groot Een". Hy is die hemelse god na wie hulle verwys as die gewer van menslike lewe en seëninge. Hulle bid slegs as 'n laaste uitweg tot hom. Daar is baie min evangeliese invloed onder hulle. Hulle is tot 'n sekere mate 'n "vergete" volk. Bid asseblief dat God arbeiders sal stuur vir 'n bediening onder die Herero-mense. Bid dat hulle God as 'n naby persoonlike Vriend sal leer ken. (Webruimte: http://www.forgottenpeoples.info/herero/her_o.htm).

Dinsdag 6 Januarie 2009

Gebedsfokus op armes en behoeftiges: Township hernuwingsprojek verleng

Die voltooiingsdatum van die *Alexandra Hernuwingsprojek (AHP),* 'n program om een van Johannesburg se oudste townships te ontwikkel, is tot 2010 verleng. Die projek is vir nog twee jaar verleng vanweë die groot

aanvraag vir voldoende behuising en uitgerekte grondhervormingsprosesse. Die infrastruktuur van Alexandra is oorspronklik vir 'n bevolking van ongeveer 70 000 mense ontwerp, maar huisves nou na raming 350 000 tot 400 000 mense. (Webruimte: http://www.southafrica.info/about/social/alexandra-110408.htm). Bid asseblief dat hierdie en ander projekte binne die vasgestelde tyd suksesvol afgehandel sal word.

Gebedsfokus op sending: Die Mbalantu-volksgroep
Die Mbalantu-volksgroep (bevolking van ongeveer 40 000) van die verre noord-sentrale deel van Namibië in Afrika is een van die sewe stamme van die Ovambo-volk. Tradisionele voorvaderaanbidding, waarsêery en mistieke seremonies word nog beoefen. Leë, dogmatiese Christelike geloof is die enigste teken van sendingwerk in die verlede. Daar is baie verwarring en 'n sterk weerstand teen die evangelie. (Webruimte http://www.forgottenpeoples.info/mbalantu/mbtu_o.htm). Bid asseblief vir God se guns om die evangelie op 'n ware en betekenisvolle wyse na die Mbalantu-volksgroep en die ander ses stamme van die Ovambo-volk te bring. Vra vir voltydse werkers, guns onder die mense en dat die Woord na ander Ovambo's sal versprei.

Woensdag 7 Januarie 2009
Gebedsfokus op geregtigheid: 'n Ommekeer in plaasmoorde
Volgens *Agri SA* was daar meer as 10 700 plaasaanvalle sedert 1991 waarin meer as 1 600 lede van die boeregemeenskap, insluitend plaaswerkers, vermoor is. Landbou is een van die hoekstene van die ekonomie sowel as een van die belangrikste werkverskaffers in die land. Die direkte koste van misdaad vir landbou is op meer as R1 miljard beraam. (Webruimte: http://iafrica.com/news/sa/734997.htm). Pleit asseblief by die Here oor hierdie situasie. Vra Hom om die gety van moord te laat draai en dat dit heeltemal sal ophou. Vra dat boere op 'n gereelde basis saam sal begin bid en tot God sal roep vir deurbrake. Bid ook vir diegene wat die aanvalle beplan en uitvoer.

Gebedsfokus op evangelisasie: 2,8 miljoen meer in die Filippyne kan die evangelie hoor
Hoe bereik 'n mens 2,8 miljoen mense op die mees koste-doeltreffende wyse waar die gebruiklike sendingmetodes gebruik is en 'n tekort aan fondse 'n realiteit is? Die Kerk van Jesus Christus in die Luzon-streek van die Filippyne het vorendag gekom met 'n lewensvatbare oplossing vir die probleem wat hulle vermoë om die mense van die Cagayan-vallei met die evangelie te bereik, aan bande gelê het. Omdat dit moeilik is om die gebied te voet te bereik vir evangelisasiewerk, het die leraars in die vallei hulle na die *Far East Broadcasting Company (FEBC)* gewend vir hulp. Die gevolg is dat die Cagayan Missionary Radio Project reeds in Santiago Stad, Isabela, geloods is. *(FEBA Radio* Media Departement, Posbus 26270, Gezina, 0031. Tel.: 012 335 5708 of sel: 082 670 3428. Webruimte: www.febaradio.co.za of e-pos: febasa@corpdial.co.za). Loof God vir hierdie geleentheid. Vra dat baie sal inskakel en oortuig sal word om hulle lewens aan Christus te onderwerp.

Donderdag 8 Januarie 2009
Gebedsfokus op Evangelisasie: *There is Hope Ministries*
Na 20 jaar se voltydse betrokkenheid by die *JESUS Film,* reik die *There is Hope Ministries* nou suksesvol deur die Internet uit na mense in nood, wêreldwyd en in Suid-Afrika. Hulle fokus is eerstens op evangelisasie en daarna, om diegene wat reageer, op te volg en hulle te help om geestelik te groei. (*There is Hope Ministries*. Tel.: 028 271 5124. Webruimte: www.hope365.co.za of e-pos: pieter@hope365.co.za). Loof die Here vir wonderlike getuienisse van mense wie se lewens verander het. Bid dat meer mense sal reageer en dat mense veilig genoeg sal voel om dit te doen. Vra vir God se finansiële voorsiening vir hierdie en ander bedieninge wat die evangelie oor die Internet verkondig.

Gebedsfokus op sending: Mugali
'n Studie in 1998 vermeld 'n bevolking van 3 557 Mugali-mense in die noordweste van Nepal. Hulle woongebied, wat slegs te voet bereik kan word, is een van die mees afgeleë Boeddhistiese groepe ter wêreld. Sover bekend is daar geen Christene onder die Mugali nie *(Peoples of the Buddhist World,* Paul Hattaway, bl. 196). Laat ons nooit

moeg word om vir ongeredde volke van die wêreld te bid nie. Dra die Mugali-mense in gebed aan die Here op, en vra Hom om werkers in hierdie oes te stuur. Bid dat 'n beduidende geleentheid daarvoor spoedig sal opduik en deur Christenwerkers benut sal word. Bid vir 'n deurbraak vir die evangelie na alle onbereikte Boeddhistiese volke van die wêreld.

Vrydag 9 Januarie 2009

Gebedsfokus op openbare gesondheid: Departement van Gesondheid loods program vir TB- versuimers

'n Program om mense op te spoor wat versuim om met hulle tuberkulose- (TB-) behandeling vol te hou, is amptelik in die Noord-Kaap van stapel gestuur. TB-naspoorspanne van verpleegsters en gemeenskapsgesondheidswerkers besoek wonings om versuimers te vind en terug te plaas op hulle behandelingsregime. Die program (met 'n bykomende skenking van R33 miljoen rand deur die Europese Unie) het nog 72 spanne in distrikte met swak behandelingsuitkomste ontplooi. Meer as 340 000 mense in Suid-Afrika het TB, maar die huidige uitdaging is om die ontwikkeling van *multi-middelweerstandige TB (MDR-TB)* en *uitgebreide middelweerstandige TB (XDR-TB)* te stuit. (Webruimte: http://www.mg.co.za/articlePage.aspx?articleid=335690&area=/breaking_news/breaking_news__national/). Bid asseblief vir hierdie gesondheidskwessies. Vra God om 'n deurbraak in navorsing oor *MDR-TB* en *XDR-TB* te gee.

Gebedsfokus op redding: 'n Eenvoudige manier om kinderslawe in Nepal te bevry

Olga is 'n afgetrede prokureur en 82 jaar oud. Haar verhaal toon 'n merkwaardig eenvoudige oplossing vir die kinderslawerny in Nepal. Ouers van dogters wat in slawerny verkoop is, het dit gewoonlik gedoen omdat hulle dit nie kon bekostig om die res van die gesin te onderhou nie. Maar sou hulle 'n ander manier gebied word om uit hulle verknorsing te kom, sal hulle dit waarskynlik aanvaar. Die *Nepalese Youth Opportunity Foundation* bied aan ouers wat hulle dogters sal hou, in plaas van om haar as slaaf te verkoop, 'n keuse van 'n varkie of bokkie – wat later teen 'n wins verkoop kan word. Daarby bied die organisasie aan om vir die dogter se opvoeding te betaal, 'n koste van ongeveer $50 per jaar. Verrassend genoeg, het hierdie eenvoudige oplossing gehelp om kinderslawerny feitlik uit te wis in die paar gebiede waar dit toegepas is. (Webruimte: http://abcnews.go.com/WN/story?id=5312009&page=1). Dank die Here vir inisiatiewe soos hierdie. Bid ook dat Christene by sulke inisiatiewe betrokke sal raak sodat jong meisies die geleentheid sal hê om na Christus te kom.

Saterdag 10 Januarie 2009

Gebedsfokus op werkskepping en bemagtiging: NOK-inspuiting vir bokboerdery

Die *Nywerheidsontwikkelingskorporasie* (*NOK*) het die Noord-Kaapse bokboerderybedryf 'n R15 miljoen kapitaalinspuiting gegee deur plaaslike veewagters in kommersiële boere te omskep toe die aanmoediging in bokboerdery in 2008 begin is. Die program sal die getal bokke in die provinsie help uitbrei, die lewendige bokmark help ontwikkel, vleisvoorsiening aan handelaars verbeter en voorsiening maak vir die verdere verwerking van bokvleis vir uitvoer en bokvel vir leer.

(Webruimte: http://www.southafrica.info/business/economy/development/goat-200308.htm). Dank die Here vir hierdie projekte in antwoord op werkloosheid. Bid dat hierdie veewagters die geleentheid sal aangryp, goeie rentmeesters daarvan sal wees en sal verstaan dat dit die Here is wat hulle help en bemagtig en dat hulle Hom daarvoor sal dank en eer.

Fokus op barmhartigheidsbediening: Zimbabwe

ZOE reik uit na weeskinders. Ongeveer 2 200 gemeentes of groepe besoek 'n totaal van 60 000 behoeftige kinders in hulle huise, d.m.v. 'n program wat hulle versorg en na hulle belange omsien. Elke gesin ontvang deurlopend ondersteuning in die vorm van 'n klein onderneming of lewende hawe, sowel as hulp en aanmoediging om hulle kinders skool toe te stuur. Die werk is 'n uitdaging, aangesien Zimbabwe swaarkry weens 'n gebrek aan voedsel, water, medisyne, basiese dienste, en moeilike politieke omstandighede. Bid asseblief vir *ZOE* se werk vir die belange van verwaarloosde en mishandelde kinders. Bid vir toegang tot medisyne in die komende jaar en in

besonder vir sotrimoksasool en antiretrovirale middels vir kinders wat MIV-positief is. (*Children at Risk Prayer News.* Webruimtes: www.viva.org, www.facesofchildren.net of e-pos: pray@viva.org).

Sondag 11 Januarie 2009

Memoriseer
Toe het die Here gevra: "Moet Ek self saamgaan en vir jou vrede gee?" (**Eks.33:14**).

Vrede in die hart: Neem die swaard van die Gees
Die Woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart (**Heb.4:12**). Toe daar jare gelede vir 'n geestelike vader gevra is hoe om 'n ware heilige lewe te lei, het hy gesê: *Jy moet in die Woord van God in kom. Dit sal jou alles leer wat jy hoef te weet.* Ons verwag 'n moeilike antwoord; tog was dit maklik en moontlik om te doen. Die Woord van God is inderdaad voedsel vir die gees en suiwer ons van binne af.

Sukkel jy om die Bybel te lees of te konsentreer terwyl jy lees? Dit is 'n baie algemene probleem onder Christene. Wat is die oplossing? Die antwoord lê daarin om God te vra om Sy Woord vir jou lewend te maak, selfs al begin dit met een vers of gedagte. Vra Hom totdat jy voel die deurbraak kom. Hou dan aan om dit te doen, sodat jy kan toeneem in die kennis van Sy Woord met krag en begrip. Dit is deur Sy Woord dat ons 'n duidelike sin vir reg en verkeerd ontwikkel. Met verloop van tyd sal 'n duidelike besef van wat om in verskillende situasies te doen, begin vorm. Dit alles gebeur met verloop van tyd en help ons ook om volwasse te word in ons begrip van 'n Christelike lewe. Vrese aangaande die daaglikse probleme van die lewe bedaar en vrede kom in ons harte, aangesien ons al hoe meer sal verstaan dat God totaal in beheer van alles is.

Wil jy hê dat die Woord van God lewend en aktief in jou lewe moet werk? Daar is nie kortpaaie nie. Dit is nie altyd maklik om te begin nie. Dit is nie altyd maklik om daarmee vol te hou nie. Die geheim is, moenie ophou nie! Nooi 'n vriend of vriendin om ten minste een keer per week by jou aan te sluit en beurte te neem om die Bybel hardop saam te lees. Maak tyd om fisies die Bybel te lees. Begin met die Psalms. Lees 3-5 psalms per dag en na 'n maand sal jy die hele boek klaar gelees hê! Begin dan met 'n ander boek van die Bybel en lees 2-3 hoofstukke elke dag.

Vader God, gee my 'n honger en dors na U Woord. Open die oë van my verstand om die rykdom en skatte van U Woord te verstaan. Versterk my om die Woord elke dag te 'eet', sodat dit ryklik in my sal woon en ek in staat sal wees om ander met alle wysheid te leer en onderrig (**Kol.3:16**). *Stuur asseblief iemand na my saam met wie ek gereeld die Bybel kan begin lees en saam kan bid.*

Maandag 12 Januarie 2009
Gebedsfokus op redding: Kinders in gebroke gesinne
Maar toe Jesus dit sien, was Hy verontwaardig en het Hy vir hulle gesê: "Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle" (**Mark.10:14**). Kinders wat grootword in gebroke gesinne as gevolg van egskeiding of die dood van 'n ouer, het baie gebed nodig. Bid spesiaal dat die seuns sal opgroei as seuns met integriteit, seuns wat God persoonlik ken en wat getroue eggenote sal wees. Vra dat God hulle paaie sal laat kruis met nederige en gelowige manlike volwassenes wat hulle kan vertrou en by wie hulle kan leer. Bid dat diegene wat 'n ouer verloor het, God se liefde en genesing in hulle harte sal ontvang.

Fokus op die bure: Zimbabwe
Die inflasiekoers is buite beheer, die ekonomie stort in duie en die lewensomstandighede in Zimbabwe gaan steeds agteruit. Die rykes word ryker, en die armes is honger en getraumatiseer. Boere word wreedaardig

geslaan, en plattelandse mense word steeds ontvoer en aangerand. Een tienerseun is dood nadat hy geslaan is totdat verskeie bene in sy liggaam gebreek was. Bid dat die Kerk standpunt vir geregtigheid sal inneem en ook vir dapper kerkleiers met integriteit en deursigtigheid en gewilligheid om hulle teen ongeregtigheid uit te spreek. Bid vir guns en genade vir die armes en onderdruktes, vir die ekonomie om te herstel, en dat Gelowiges aan die geloof sal vashou en sal opstaan vir geregtigheid. Vra dat die inhaligheid sal ophou en dat God elke bose daad en die goddeloosheid in die nasie aan die kaak sal stel. (*OM* USA. Webruimte: http://usa.om.org of e-pos: nigel@usa.om.org).

Dinsdag 13 Januarie 2009

Gebedsfokus op evangelisasie: *FEBA Radio (Far East Broadcasting Association)*

Loof die Here vir die vordering wat gemaak is met *FEBA Radio* se plaaslike FM radioprojek wat Christelike en maatskaplike opheffingsprogramme vervaardig en uitstuur na plaaslike plattelandse gemeenskapsradiostasies. Bid asseblief vir die navorsingspan waar hulle binnekort die loodsnavorsingsfase in die Vrystaat sal lei. (*FEBA Radio South Africa*, Posbus 26270, Gezina, 0031. Tel.: 012 335 5708, faks: 012 335 8134. Webruimtes: www.febaradio.co.za, www.febc.org of e-pos: febasa@corpdial.co.za).

***Wêreldbank* verskuif vigsfokus in Afrika**

Die *Wêreldbank* het 'n vierjaarstrategie onthul om MIV en vigs in Afrika te beveg wat die fokus verskuif van noodoptrede tot langtermynontwikkeling. Die verandering is moontlik gemaak nadat befondsing beskikbaar gestel is deur die Verenigde State se *Plan vir die Verligting van Vigs* en die *Wêreldfonds van Genève* om vigs, tuberkulose en malaria te beveg, $10,7 miljard is vir dié doel toegeken. Die *Wêreldbank* het sedert 2000 $1,5 miljard dollar na meer as 30 Afrikalande gestuur om MIV en vigs te beveg. (Webruimte: http://www.iolhivaids.co.za/index.php?fSectionId=&fArticleId=4403687). Dank die Here vir projekte soos hierdie. Hou aan bid dat MIV/VIGS-slagoffers waarlik op praktiese maniere baat sal vind by hierdie skenkings. Bid spesiaal dat kinders die geleentheid sal hê om Jesus as persoonlike Verlosser en Vriend te leer ken.

Woensdag 14 Januarie 2009

Gebedsfokus op die jeug: Skole heropen 2009

Skole in Suid-Afrika begin weer hierdie week met die nuwe skooljaar. Bid asseblief vir die jeug wat terugkeer skool toe, dat hulle goeie vriende sal maak, maklik sal aanpas en in staat sal wees om vol te hou met hulle skoolwerk hierdie jaar. Vra dat moeders hierdie jaar gebedsgroepe by hulle kinders se skole sal begin en God sal smeek om die lewens van hulle kinders te verander. Bid ook vir onderwysers en skoolhoofde om hierdie jaar hulle hoop en vertroue op God te stel.

Niger

Die Republiek van Niger is een van die wêreld se armste nasies, met 'n bevolking van 8,3 miljoen, van wie 80% Moslems is. Ongeveer 230 uit elke 1 000 kinders sterf voor die ouderdom van vyf jaar. Armoede is aan die toeneem as gevolg van die ineenstorting van die uraanmark (Niger se enigste natuurlike hulpbron), en word vererger deur herhaalde droogtes en hongersnood. Niger is totaal van buitelandse hulp afhanklik. Die kerk in Niger is klein en die meerderheid Gelowiges is uitgewekenes van ander Afrikalande. (Intercessors Network, Lars Widerberg, Intercessors Network, Storskiftesgatan, 87S-58334 Linkoping, Sweden. E-pos: Intercessors.Network@Comhem.se of Intercessors.Network@Telia.com). Bid dat kinders die geleentheid sal hê om die evangelie te hoor. Vra dat tieners, jong mense en ou mense sal begin vrae vra oor hulle geloof en persoonlike ontmoetings met die Here Jesus sal hê. Bid dat die inheemse kerk sal groei en gevestig sal word.

Vroue in die bres: Hoe hanteer ek 'n miskraam

Die oomblik wanneer 'n vrou uitvind dat sy swanger is, ontstaan daar 'n baie spesiale band in haar hart met die ongebore kind. Om 'n miskraam te hê te midde van al hierdie opwinding, of as die baba dood gebore word, is geweldig ontstellend en dikwels die oorsaak dat vrouens in ernstige depressie verval. Mense kan baie onsimpatiek optree deur bv. te sê dat die ma nie die kind geken het nie of dat sy jonk genoeg is om weer 'n baba te hê. Die volgende is inligting en 'n paar riglyne om jou te help om vir jouself te bid of vir iemand wat 'n baba a.g.v. 'n miskraam verloor het.

1. **Erkenning** – Wanneer iemand 'n miskraam gehad het of 'n kindjie dood gebore word, is een van die moeilikste dinge om te erken dat dit wel gebeur het en nie verneder te voel of jouself te blameer nie. Bid dat God Sy liefde en Sy gedagtes aan so 'n vrou sal openbaar en haar die genade sal gee om te aanvaar dat Hy verstaan en haar graag wil troos (**2 Kor.1:3**).
   EENVOUDIGE GEBED: Here, help my om die liefde wat U vir my het te ken en te glo U is liefde. Help my om in U en in U liefde te bly in hierdie moeilike tyd (**1 Joh.4:16**).
2. **Woede/ teleurstelling** – Gevoelens van woede teenoor 'n eggenoot, vriende, familie of selfs teenoor God mag na 'n miskraam voorkom. Dit gebeur omdat so 'n vrou iets verloor het wat niemand kan vervang nie. Bid vir haar dat sy haarself nie sal blameer vir wat gebeur het nie. Vra dat die Here haar emosies sal aanraak, genees en herstel van woede, teleurstelling en smart.
   EENVOUDIGE GEBED: O Here, help my om nie van U af weg te draai nie. Hou my aan die lewe, dan sal ek U Naam aanroep! Here, almagtige God, laat dit weer met my goed gaan, verskyn tog tot my redding! (**Ps.80:18-19**).
3. **Rasionalisering** – 'n Vrou wat 'n miskraam gehad het, probeer dikwels om te kompenseer vir die verlies deur die leemte met iets anders te probeer vul, bv. met eet. Bid dat God vir so 'n vrou ware wysheid sal gee in haar situasie en haar sal help om weer gesonde gewoontes aan te kweek en nie haar liggaam sal verwaarloos nie. Bid dat sy met alles na God sal gaan en nie van Hom sal weghardloop nie.
   EENVOUDIGE GEBED: God wat vrede gee, maak my volkome toegewyd sodat ek geheel en al na gees, siel en liggaam onberispelik bewaar sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom. Ek vertrou op U wat getrou is, wat my by die naam roep, doen dit asseblief vir my (**1 Tess.5:23-24**).
4. **Depressie** – Na 'n miskraam is vroue gewoonlik bitter hartseer en huil hulle baie. Hulle het behoefte aan alleenwees en om die buitewêreld heeltemal uit te sluit. Bid dat hulle tyd sal maak om nie net alleen te wees nie, maar om tyd by die Here deur te bring, al is dit net om Sy teenwoordigheid in te drink. Vra dat hierdie 'n tyd sal wees waarin hulle God sal ervaar soos nog nooit tevore nie. Bid ook vir hulle dat hulle 'n goeie vriendin in hulle vertroue sal neem sodat hulle nie heeltemal van alles geïsoleer sal word nie. Vra dat hulle dit nooit sal oorweeg om hulle eie lewens te neem nie.
   EENVOUDIGE GEBED: Here Jesus Christus en my God en Vader wat my liefhet en aan my deur U genade blywende troos en goeie hoop gegee het, troos my hart en versterk my in elke goeie woord en daad (**2 Tess.2:16-17**). Gee vir my 'n vriend op wie se liefde ek altyd kan reken (**Spr.17:17**).
5. **Aanvaarding** – As sulke vroue deur hulle verlies gewerk het, sal daar 'n diep vrede in hulle harte kom. Hulle mag soms nog 'slegte' dae beleef soos wanneer hulle iets hoor wat hulle herinner aan hulle hartseer of wanneer hulle 'n kindjie of 'n ander verwagtende vrou sien. Bid dat hulle in hierdie 'slegte' dae hulle troos in die Here sal vind en nie terug sal val in algehele wanhoop of depressie nie.
   EENVOUDIGE GEBED: Here, wie het ek in die hemel behalwe U? Daar is niks in die hemel of op die aarde wat vir my meer beteken as U nie. Al is ek afgetakel na liggaam en gees, God is my sterkte; aan Hom behoort ek vir altyd (**Ps.73:25-26**).
6. **Ken jou lewensmaat** – Dit is belangrik om te onthou dat albei ouers intense emosies beleef en dat dit maklik is om die rug op mekaar te draai, vervreemd te raak of bang te wees om met mekaar oor die miskraam of die dood te praat. Vra dat die Here vir hulle genade en moed sal gee om met mekaar oop gesprekke te hê oor dit wat met hulle gebeur het. Bid dat hulle oop en eerlik sal wees en dat hulle verhouding hierdeur sal verdiep, dat hulle gereeld saam sal bid en weer hulle lewens as 'n paartjie aan God sal gee.

EENVOUDIGE GEBED: Here, Ek roep U Naam aan, genees ons gebroke harte en verbind ons wonde as 'n paartjie (**Ps.147:3**). Mag wat ek sê en wat ek dink tog vir U aanneemlik wees, Here, my Rots en my Verlosser (**Ps.19:15**).

7. **Ontmoeting met jou familie en vriende** – Familie en vriende is die grootste bron van praktiese ondersteuning in so 'n moeilike tyd. Soms is dit nodig dat iemand met 'n professionele terapeut of berader gaan gesels om dit wat gebeur het, te verwerk. Bid dat God vir hulle begrypende en ondersteunende familie en vriende sal gee wat nie sal probeer om hulle probleme vir hulle op te los nie, maar mense wat vir hulle sal omgee en vir hulle sal bid. Bid dat hulle gewillig sal wees om hulle harte oop te maak.
   EENVOUDIGE GEBED: Here, help my om diegene wat hartseer is te verstaan, te ondersteun en voor te bid (**Ps.116:3**).
8. **Julle is nie alleen nie** – Daar sal tye kom wanneer mense wat dieselfde smart as hulle ondervind het, hulle paaie sal kruis. In tye soos die sal hulle ander uit hulle eie ervaring kan help. Bid dat hulle nog meer troos sal vind deur te begin om ander wat ook 'n miskraam gehad het, te troos en vir hulle te bid.
   EENVOUDIGE GEBED: Here, ek dank U dat U die Vader is wat U ontferm en die God wat in elke omstandigheid uitkoms gee, wat my in elke moeilikheid help sodat ek ook weer ander kan bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig het (**2 Kor.1:3-4**).
9. **Wees dankbaar** – Loof die God wat gebede antwoord. Loof die Here wat ons salf in ons gebrokenheid om die blye boodskap te bring aan mense wat in nood is, om die wat moedeloos is op te beur, om vir die gevangenes vrylating aan te kondig, vryheid vir die wat opgesluit is, om almal wat treur, te vertroos, om vir hulle eer te gee in plaas van smart, vreugde in plaas van droefheid, blydskap in plaas van hartseer; dat hulle genoem sal word Bome van Redding wat deur die Here geplant is om Sy roem te vermeerder (**Jes.61:1-3**).

(Suid-Afrikaanse hulplyne: *Compassionate friends* (ondersteuning vir ouers), tel.: 011 440 6322 of *Fertel Helpline* (onvrugbaarheid en miskrame), sel: 072 104 8352).

Donderdag 15 Januarie 2009

Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk

Bid asseblief vir elke gebedsprojek om die Kerk op te roep tot gebed in voorbereiding vir die komende verkiessing. Vra vir God se voorsiening finansieël en ook vir guns met Gelowiges dwarsoor ons land om ander op te roep om tot God uit te roep vir ons land en nasie. (*Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*, Privaatsak X22, Lynnwoodrif, 0040. Tel.: 012 365 3213, faks: 012 365 3214. Webruimte: www.jwipn.com of e-pos: info@jwipn.com).

Indië verloor vier klein lewetjies elke minuut

Volgens 'n VN-verslag oor kinders, verloor Indië 5 753 kinders onder vyf jaar elke dag – vier per minuut. Dit dra by tot 21% van die totale kindersterftes in die wêreld. Die *UNICEF State of World's Children Report 2008* meld dat ongeveer 20% van hierdie kinders binne 'n uur na geboorte sterf en nog 30% binne 28 dae. Longontsteking veroorsaak sterftes onder die meeste kinders in Indië – plus minus twee miljoen – gevolg deur diarree. Van dié wat oorleef, is ongeveer 46% wangevoed. (Hindustan Times, 23/01/08. Webruimte: http://www.efionline.org/template/?Ano=1440). Bid vir deurbrake en verbetering in kinder- en babasorg in Indië, maar ook wêreldwyd. Vra dat meer Christen mediese personeel betrokke sal raak by die praktiese oplossing van hierdie probleem, maar ook dat hulle geleenthede sal hê om in hulle professie van God se liefde te getuig.

Vrydag 16 Januarie 2009

Gebedsfokus op die gesin: Al meer gesinne beskou prostitusie as 'n kitsoplossing vir oorlewing

Gesinne in Oos-Londen dwing hulle tienderjarige dogters in prostitusie as 'n manier om te oorleef. Organisasies wat met kinders werk, sê dat daar 'n merkbare toename is in die getal meisies wat slagoffers van hierdie soort misbruik word. Kinders beland soms in prostitusie as gevolg van hulle eie swak keuses, maar daar is 'n toename in gedwonge prostitusie. *Masimanyane Women's Support Centre* het gesê dat mans ook as koppelaars (pimps) vir

hulle vrouens optree. (Webruimte: http://www.dispatch.co.za/article.aspx?id=228649). Laat ons tot die Here roep oor hierdie verskriklike probleem. Vra Hom om die harte van vaders tot hulle kinders te laat keer en andersom. Bid dat vaders in hulle posisie as hoof en versorger van hulle gesinne herstel sal word, sodat hierdie maatreëls nie eers in ouers se gedagtes sal opkom nie. Vra dat ouers wat hulle kinders op hierdie weg dwing, tot hulle sinne sal kom en sal regmaak met God en hulle kinders.

Deurbraak: Eerste volledige Dari Bybel beskikbaar in Afghanistan
Na ongeveer 20 jaar se werk is die Dari Bybel gereed vir Afghane. Vyf-en-twintig jaar gelede is die Dari Nuwe Testament gepubliseer, maar vir die Ou Testament moes Afghane op Iranese publikasies staatmaak. Die Psalms in Dari is die eerste keer in 2007 gedruk en versprei. Die Bybel beslaan 1 710 bladsye, met kaarte en baie meer. 'n Afghaanse gelowige het gesê: "Om die Woord van God in my eie moedertaal te kan lees sal baie spesiaal wees. As 'n mens na al die slegte dinge in ons land kyk, is die eerste Dari Bybel die begin van nuwe hoop vir die toekoms." (Lars Widerberg, Intercessors Network, Storskiftesgatan 87, S-58334 Linkoping, Sweden. E-pos: Intercessors.Network@Comhem.se). Loof die Here vir 'n antwoord op baie gebede in verband met Bybelvertaling wêreldwyd en nou hier in Afghanistan. Vra dat baie Afghane na Jesus sal kom noudat hulle die Bybel in hulle eie taal beskikbaar het. Bid vir die nodige finansiering van hierdie saak.

Saterdag 17 Januarie 2009
Gebedsfokus op die gesin: Alkoholmisbruik
In 'n ondersoek deur die *Wêreldgesondheidsorganisasie* verlede jaar oor die verband tussen alkohol en beserings by persone wat by die noodgevalle-eenhede van 12 mediese sentrums in 12 lande opgeneem is, het Suid-Afrika die hoogste aantal gevalle van beserings gehad waar alkohol in die ses uur voor toelating gebruik is. (Webruimte: http://www.mg.co.za/articlePage.aspx?articleid=334581&area=/supdrinknation_home/supdrinknation_content/).
Dra elke persoon in Suid-Afrika wat alkohol misbruik op in gebed, ongeag die mate van misbruik. Vra God om elkeen te konfronteer en hulle te oortuig van hulle dwaasheid en die gevare vir beide hulleself en diegene rondom hulle. Bid dat baie oortuig sal word, hulle lewens aan Jesus sal oorgee en volledig gerehabiliteer sal word. Bid spesiaal vir vaders van huishoudings sodat hulle hulle lewens radikaal sal verander.

Gebedsfokus op evangelisasie: Radio-uitsending in Thailand
Die Book of Hope-organisasie het onlangs 'n rolprent gemaak, *A Father's Love,* wat vanaf die Skepping beweeg na die lewe, dood en opstanding van Jesus. Thai-mense het geen kennis van 'n Skeppergod nie, en die rolprent beeld die verhaal noukeurig uit. Tot dusver het sendelinge die rolprent op sowat 50 verskillende plekke vertoon, en meer as 10 000 mense het die rolprent in een van die streke gesien. Meer as 2 000 het 'n besluit vir Christus geneem. God is aan die werk in noordoos-Thailand! Dank God vir hierdie rolprent wat sendelinge en klein kerke help om die Thai van Jesus te vertel. Bid dat baie meer mense die rolprent sal sien en opgevolg sal word. Bid dat die plaaslike kerke deur die uitreik versterk en bemoedig sal word. (Global Prayer Update, *Operation Mobilization*, webruimte: www.omusa.org).

Sondag 18 Januarie 2009

Memoriseer
As iemand My wil dien, moet hy My volg; en waar Ek is, daar sal My dienaar ook wees. As iemand My dien, sal die Vader hom eer (**Joh.12:26**).

Vrede in die hart: Kyk binne-in
Ek sal hulle My wette in die verstand gee, op hulle harte sal Ek dit skrywe; Ek sal hulle God wees, en hulle sal My volk wees (**Heb.8:10**). Die dood en opstanding van Jesus Christus is die vervulling van hierdie belofte, nie net vir Israel nie, maar vir mense van elke stam en taal en nasie. Besef jy dat dit onmoontlik is vir enige persoon van enige plek in die wêreld om God te ignoreer? So seker as wat 'n fisiese hart vir die liggaam noodsaaklik is om te

lewe, so is die wette van God deur God se vinger op die hart van elke persoon wat op hierdie oomblik leef, geskryf, naamlik: 'n begrip van reg en verkeerd, 'n besef van liefde en die begeerte om liefgehê te word. Jy kan nie eers 'n verharde hart hê sonder die wete dat dit eenmaal sag, goed en vol vertroue was nie! Die "wette van God" is in ons verstand en op ons harte geskryf. Selfs klein kinders verstaan die verskil tussen reg en verkeerd! Hoe baie verhale hoor ons nie van mense wat gesond geword het van sekere siektes nadat hulle iemand vergewe het of net hulle gesindheid van haat verander het na een van liefde en opgehou het om te beskuldig! 'n Verharde hart ken geen vrede nie.

Hoe lyk jou lewe? Het jy vrede in jou hart? God se handskrif is op jou hart en in jou gemoed. Sal jy nie net 'n oomblik neem en oor hierdie gedagte nadink nie? Wat beteken dit vir jou lewe en vir jou persoonlik? Neem tyd om met God te praat oor die dinge wat jou vrede steel. Praat met Hom oor jou hardheid van hart teenoor jou lewensmaat, kind, familielid, kollega of 'n ander Gelowige. Vra Hom om jou Sy hart vir elkeen van hierdie persone te gee. Neem 'n besluit om hartseer en pyn te laat staan en diegene te vergewe wat jou te na gekom het. Dank die Here vir Sy vingerafdrukke op jou verstand en hart.

Hemelse Vader, hoe ontsagwekkend is die gedagte dat U vingerafdrukke op my verstand en my hart is. Ek het U lief omdat U my so liefhet. Ek gee my hart vandag aan U en vra dat U my die terreine sal wys waar ek verhard, onvergewensgesind, teleurgesteld, ensovoorts geraak het. Help my deur U Heilige Gees om te vergewe en mense wat my seermaak, vry te spreek. U is liefde. Leer my U wette van liefde, ontferming en vergifnis.

Maandag 19 Januarie 2009

Gebedsfokus op redding: Vaders

Hy laat reg geskied aan die weeskind en die weduwee. Hy het die vreemdeling lief en gee vir hom kos en klere (**Deut.10:18**). Vaderloosheid is in ons land en wêreldwyd 'n ontsaglike probleem. Sommige pa's werk so hard dat hulle nooit hulle kinders sien nie. Party pa's gee weer hoegenaamd nie om vir hulle kinders nie. Ander pa's wil nie hulle kinders erken nie en distansieer hulle heeltemal van hulle. Laat ons smeek vir die redding van vaders in Suid-Afrika, dat God op 'n spesiale manier in elkeen se lewe sal ingryp sodat hulle vir alles op God sal staatmaak. Vra dat pa's op nuwe en kreatiewe maniere na hulle kinders sal uitreik. Bid dat kinders op hulle pa's se toenaderings sal reageer en weer sal leer om hulle te vertrou.

Fokus op gesondheid: Goedkoper cholera-entstof slaag voorlopige proefneming

Die huidige internasionale cholera-entstof is te duur vir ontwikkelende lande. 'n Nuut geformuleerde sluk-entstof teen cholera kan 'n bekostigbare en effektiewe wapen wees om dié siekte te bekamp onder mense wat in die endemiese gebiede van ontwikkelende lande woon. Die nuut geformuleerde entstof word tans as proefneming gebruik by ongeveer 70 000 mense in Kolkata. (Webruimte: http://www.scidev.net/en/news/cheaper-cholera-vaccine-passes-pilot-trial.html). Bid dat daar gou 'n veilige en beskermende entstof gevind sal word om cholera wêreldwyd te beheer. Vra God ook om duisende mense gesond te maak deur die oplê van hande deur Christene wat tot God roep vir genesing.

Dinsdag 20 Januarie 2009

Gebedsfokus op die gesin*: HEARTLINES*

Bid dat mans en vroue die verantwoordelikheid van ouerskap baie ernstig sal opneem – om in elke opsig na kinders om te sien – fisies, moreel en geestelik – of dit in 'n gesinsopset of in kerklike familieverband is. Vra dat hulle op tekens van drastiese gedragsverandering by hulle kinders sal reageer en die situasie sal ondersoek ten einde hulle kinders teen uitbuiting op welke wyse ook al te beskerm. Vra dat God gesinne sal leer om saam te bid, en dat ouers selfs vanaf vóór die geboorte van hulle kinders vir hulle sal intree en sal bly intree by God. (*HEARTLINES*, tel.: 011 771 2540. Webruimte: www.heartlines.org.za of e-pos: info@heartlines.org.za).

Gebedsfokus op kinderevangelisasie: Nuwe voorskoolse program
Onderwysers van klein kinders weet dat een van die heel beste maniere om nuwe idees aan te leer, deur middel van liedjies is. In 'n nuwe *SAT-7 KIDS* TV-program getitel *Colours* sal kinders basiese woorde, begrippe en Bybellesse deur middel van liedjies leer. *SAT-7 KIDS* se personeel is baie opgewonde oor hierdie nuwe program wat die aandag en verbeelding van baie jong kinders sal aangryp. Bid asseblief 'n dankgebed vir hierdie nuwe program. Bid ook dat dit Bybelse waarhede permanent in die kinders se gemoed sal inplant terwyl hulle kyk en leer en dat baie van hulle in 'n persoonlike verhouding met die Here Jesus gevestig sal raak, en so ook die volwassenes wat daarna kyk.
(Webruimte: http://www.sat7.org/files/n%26p/0806_Newsletter_KIDSUpdateUK.html).

Woensdag 21 Januarie 2009
Gebedsfokus op die ekonomie: SA se huishoudelike skuld meer as R1 biljoen
Huishoudelike skuld in Suid-Afrika het vervierdubbel tot meer as R1 biljoen in die afgelope vyf en 'n half jaar. Die toestaan van krediet aan huishoudings het gestyg van R289,8 miljard in 2002 tot R1,1 biljoen in 2008. Verbande verteenwoordig meer as 50% van die skuld, terwyl ander soorte krediet, insluitend oortrekkings, huurkontrakte, huurkoopverkope en kredietkaarte die res uitmaak. Suid-Afrika se kredietmark, wat besigheid, korporatiewe en huishoudelike krediet insluit, word op ongeveer R2 biljoen beraam. (Webruimte: http://www.businessday.co.za/articles/topstories.aspx?ID=BD4A770973). Hou aan bid dat mense in staat sal wees om hulle skuld af te betaal. Vra dat Christene nie geldmaakskemas ten prooi sal val of by onwettige transaksies betrokke sal raak om te probeer om hulle skuld te betaal nie. Bid dat die Kerk sy rol sal opneem om Gelowiges te leer en op te voed ten opsigte van al die fasette van begroting. Bid dat Christene sal verstaan dat God hulle vra om niemand iets te skuld nie, behalwe om mekaar lief te hê.

Gebedsfokus op evangelisasie: Radio bereik Egiptenare
Ongeveer 2-3 miljoen Egiptiese Moslems luister na Radio Monte Carlo se uurlikse nuusuitsendings en ander sekulêre programme, luidens 'n verslag in Mei. Daar word beraam dat een derde van hulle elke aand aanhou luister na die evangelie-uitsendings wat daarna volg. Spanne opgeleide Egiptiese Gelowiges volg die ernstige luisteraars wat op hierdie uitsendings reageer, indiwidueel op. (News Bytes. E-pos: newsbytes@yahoogroups.com). Loof die Here vir getuienisse soos hierdie. Bid asseblief dat diegene wat op die nuusuitsendings inskakel, ook aandagtig sal begin luister na die evangelie-uitsendings, vrae sal vra en dat hulle God self sal hoor wat met hulle praat oor die lewe in Christus.

Donderdag 22 Januarie 2009
Gebedsfokus op openbare gesondheid: Gebruik van TB-antibiotikum het 'weerstandige newe-effek'
'n Antibiotikum wat gebruik word om veelvuldige-middelweerstandige tuberkulose in kinders te behandel, mag lei tot 'n weerstand teen 'n soortgelyke middel in 'n nie-verwante bakterie wat *pneumococcus*-siekte veroorsaak. Navorsers het ontdek dat 12 kinders wat met *Streptococcus pneumoniae* geïnfekteer was, weerstandig was teen behandeling met 'n middel genaamd levofloksasien. Sowat 89% van hierdie kinders is voorheen met fluoorkinoloon vir tuberkulose behandel en die meeste het die infeksie opgedoen terwyl hulle in die hospitaal was. (Webruimte: http://web.scidev.net/en/health/antibiotic-resistance/news/tb-antibiotic-use-has-resistance-side-effect-.html). Bid asseblief vir hierdie situasie sodat die kinders dit nie sal versprei na die gemeenskappe waar hulle woon nie. Vra dat 'n deurbraak-entstof spoedig gevind sal word om hierdie probleem te bekamp. Bid spesifiek vir die 12 kinders wat geïnfekteer is.

Gebedsfokus op onbereikte mense: Zhaba van China
Volgens 'n bron uit 1983 het 15 000 mense toe aan die Zhaba etniese taalgroep in China behoort. Die Zhaba aanbid 'n wye verskeidenheid demone en geeste. Sover bekend is daar geen Christene onder die Zhaba nie, alhoewel daar 'n paar Tibettaanse Katolieke verder wes naby Litang is (*Peoples of the Buddhist World*, Paul

Hattaway, bl. 362). Bid asseblief tot die Here van die oes om voltydse werkers na die Zhaba te stuur, ook om Christene op te wek wat getrou vir deurbrake vir die evangelie onder hierdie volksgroep sal bid.

Vrydag 23 Januarie 2009

Gebedsfokus op geregtigheid: Teenmisdaadveldtog in Pretoria lewer resultate

Sedert *Operasie Thiba* van verlede jaar af in Pretoria in werking is, is meer as R800 000 aan boetes opgelê vir die oortreding van die drankwet en munisipale regulasies, terwyl daar op 8 900 rondtes ammunisie, 668 vuurwapens en 4 gesteelde voertuie beslag gelê is. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?newslett=1&em=177813a6a20080408ah&click_id=13&art_id=nw20080408113803269C194074&set_id=1). Dank die Here vir elke arrestasie en deurbraak in die oplossing van misdaad in antwoord op die getroue gebede van Gelowiges. Hou aan bid dat hierdie en ander soortgelyke projekte suksesvol sal wees, en ook dat sindikate blootgelê en ontbind sal word.

Bid die beloftes vir Israel: Ek sal julle God wees

God se verbond met die volk Israel is vir ewig en sonder einde (**Gen.17:8, Gen.15:18-21**). Op 14 Mei 1948 het die Jode weer die land Israel ontvang na die verwoesting van Jerusalem deur die Romeine in 70 n.C. Laat ons die Here vra om aan te hou om Sy guns aan Israel te bewys en al Sy goeie beloftes aan Israel te vervul.

Abba Vader, U het getrou gebly om die volk Israel weer in die land Israel te vestig. Ons vertrou U vir die vervulling van U belofte volgens **Genesis 15:18-21**. *Ons loof U vir U getrouheid aan U Woord en dat U die hele wêreldgeskiedenis in U hand hou! Dankie Jesus dat U gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde is en dat ons U Woord kan vertrou* (**Heb.13:8**). *Terwyl U hierdie dinge doen, open die harte en verstand van Joodse mense sodat hulle sal weet dat U hulle God is.*

Saterdag 24 Januarie 2009

Gebedsfokus op openbare gesondheid: Roep tot God om die MIV/VIGS-stroom te keer

Die *Ontwikkelingsbank van Suid Afrika (OBSA)* se 2007/2008-statistiek bevestig dat 27% van mans en vroue tussen die ouderdom van 20 en 24 MIV-positief is. Meer as 92 000 babas is die afgelope jaar geïnfekteer, óf tydens geboorte óf deur moedersmelk, en teen die middel van 2007 was die totale getal mense wat siek was as gevolg van vigs 1 287 844. 'n Beraamde 1,2 miljoen van die land se 1,49 miljoen weeskinders het hulle ouers as gevolg van vigs verloor. Na verwagting sal hierdie getal vanjaar met meer as 336 000 styg. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?newslett=1&em=177813a6a20080504ah&click_id=13&art_id=vn20080504084109386C950315&set_id=1). Pleit vir die redding van diegene wat op die punt is om sonder Christus te sterf. Vra vir meer gemeentes om betrokke te raak by mense wat vigs het. Vra dat God die toenemende doodstroom in ons land sal stuit.

Gebedsfokus op sending: Klein gemeente

'n Groep het onlangs op 'n gebedsuitreik na 'n deel van 'n Nabye-Oosterse stad gegaan wat gebed dringend nodig gehad het. In die gebied met ongeveer 20 000 mense, gaan 'n klein evangeliese gemeente gebuk onder teenkanting en probleme. Hierdie klein gemeente word deur ten minste 20 moskees omring. Die hoofmoskee se leier veroorsaak dikwels probleme vir die gemeente by die plaaslike owerheid en die Moslem-broederskap. Die pastoor is al dikwels ingeroep vir ondervraging en is ook deur plaaslike Moslems gedreig. Die pastoor en sy vrou werk al nege jaar in die gemeente en het hernude krag en finansiële voorsiening nodig. Bid asseblief dat hierdie klein gemeente aan God getrou sal kan bly en vir geestelike en materiële voorsiening vir die leraar en sy gesin. Bid vir die jong mense in die gemeente wat onder druk verkeer om vriende te maak en selfs uit te gaan met jong Moslemmeisies en -seuns. Bid teen toordery in die stad aangesien baie naam-Christene by towerkuns betrokke is; bid dat die gees van Islam in die gebied verbreek sal word. (Graham Wells, *Global Prayer Ministries, OM* USA. E-pos: Gebedsversoek: prayer@globalprayer.com of besprekings: bookings@globalprayer.com of navrae: admin@globalprayer.com).

Kinders bid vir kinders

Hierdie week bid ons vir kinders wat probleme het omdat slegte dinge met hulle gebeur het. Elke keer wanneer ons bid vir 'n kind wat probleme het, kan ons ook vir die Here dankie sê dat Hy vir ons so baie gee en dat ons familie het wat vir ons lief is. Ons dink nie altyd so daaraan nie, maar ons het baie wat ander kinders nie het nie.

Maandag: **MIV/VIGS:** Suid-Afrika het die hoogste getal mense wat MIV/VIGS het. Dit beteken dat baie kinders MIV positief gebore word omdat hulle ouers VIGS het. Baie kinders word alleen in die wêreld agtergelaat wanneer albei ouers aan VIGS sterf. In baie gevalle is ander familielede ook siek en te ver heen om vir hulle te sorg. *Here Jesus, ek bid vir hierdie kinders, dat hulle nie alleen sal voel nie. Stuur asseblief iemand om vir hulle te sorg en elke dag vir hulle kos te gee. Help hulle om vir Jesus te leer ken.*

Dinsdag: **Nasorg:** Baie ouers werk deur die dag en los hulle kinders in dagsorg of naskoolsorg. Die mense wat in hierdie plekke vir kinders sorg is werklik wonderlik en spesiaal. Maar partykeer gebeur slegte dinge met kinders in hierdie plekke omdat sommige grootmense nie regtig lief is vir die kinders nie en lelike dinge aan hulle doen en vir hulle sê*. Here Jesus, ek bid vir kinders wat swaarkry omdat grootmense lelike dinge aan hulle doen en sê. Help asseblief dat hierdie slegte mense uitgevang sal word. Ek dank U vir die goeie mense wat kinders oppas en hulle orals in Suid-Afrika versorg.*

Woensdag: **Armoede:** Baie ouers kan nie werk kry nie en kan dan nie vir hulle kinders kos koop nie. Dit gebeur soms dat kinders op straathoeke begin bedel vir geld, omdat hulle regtig iets moet hê om te eet. *Here Jesus, ek bid vir kinders wat nie elke dag genoeg kos het om te eet nie. Sal U asseblief wonderwerke vir elkeen doen sodat hulle kan weet dat U 'n goeie God is. Help asseblief hulle ouers om goeie werk te kry sodat hulle kos kan koop.*

Donderdag: **Ouers:** Baie kinders het nie ouers nie en bly by hulle grootouers. Ander kinders se ouers werk in 'n dorp ver van die huis af en sien hulle net af en toe. *Here Jesus, ek wil vir U dankie sê vir elke kind wat ouers het en wat by hulle kan bly. Help asseblief hierdie kinders om hulle ouers lief te hê en te respekteer. Troos ook die kinders wat nie ouers het nie of wat in weeshuise bly sodat hulle kan weet dat U 'n hemelse Vader is wat ook in hulle behoeftes hier op die aarde kan voorsien.*

Vrydag: **Sê dankie:** Terwyl ons vir die probleme van ander kinders gebid het, kom ons kyk 'n bietjie wat ons het in vergelyking met hulle. Vra iemand om 'n lysie te maak van dit wat jy het waarvoor jy vir die Here kan dankie sê. Sê ook dankie vir jou ouers of familie of voogde wat jou versorg. *Here Jesus, ek sê vir U dankie omdat U goed is en dat daar aan U liefde geen einde is nie (***1 Kron.16:34**). *Dankie dat U vir my wys hoeveel ek het waarvoor ek dankie kan sê.*

Sondag 25 Januarie 2009

Memoriseer

Roep My aan, Ek sal jou antwoord en jou vertel van groot en onverstaanbare dinge waarvan jy nie weet nie **(Jer.33:3).**

Vrede in die hart: Vertel dit vir God

Wees bly in die Here! Ek herhaal: Wees Bly! Wees inskiklik teenoor alle mense. Die Here is naby. Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus (**Fil.4:4-7**). As daar medisyne beskikbaar was wat geluk sou waarborg, sou dit wêreldwyd binne 24 uur uitverkoop wees! Maar die geheim is: Dit ís beskikbaar. Dit is net in 'n ander vorm. Die voorskrif is duidelik: om jou gedagtes en hart in Christus beskut te hê: Wees Bly! Wees inskiklik teenoor alle mense. Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking aan God bekend. Die eerste deel van die voorskrif word herhaal: WEES BLY. Dit moet dan stap 1 wees! Hoe moet jy bly wees as jy glad nie gelukkig voel nie? Dit is moeilik, maar jy kan dit doen. Begin deur God te dank vir iets goeds in jou lewe, selfs al is dit klein. Hou aan om dit te doen. Na 'n paar dae sal jy die verskil begin agterkom. Namate jy die sagtheid en deernis van God se goedheid oor jou begin besef deur dankbaarheid, sal jy ook teenoor ander sagtheid en deernis begin ervaar. Meteens word dit

makliker om die dinge wat jou kwel in gebed aan God bekend te maak. Jou geloof neem toe, want jy sien wat Hy deur gereelde danksegging vir jou doen. En jy sal begin BLY WEES!

Vader God, vergewe my dat ek nie so dikwels dankie sê as wat ek dinge van U vra nie. Maak die oë van my hart oop om U goedheid oor my lewe te sien. Help my om dankie te sê met 'n dankbare hart (**Ps.100:4**), *om inskiklik teenoor ander te wees en met groter vertroue my begeertes in gebed aan U bekend te maak* (**Fil.4:4-7**).

Gebedsfokus op wêreldgesondheid: *Wêreld-leprosedag* (Melaatsheid)
Vir meer as 50 jaar al word duisende mense oral in die wêreld op die vierde Sondag van Januarie stil om diegene te onthou wat onder die aaklige gevolge van leprose ly. Elke jaar ontdek meer as 400 000 mans, vroue en kinders dat hulle leprose het. 'n Kuur vir leprose is in 1982 ontdek. *Wêreld-leprosedag* help ons om op die nood te fokus van die armste van alle mense – persone wat leprose het. (*The Leprosy Mission*, Northern Ireland. Webruimte: www.tlm-ni.org of http://www.leprosy.ca/site/c.anKKIPNrEqG/b.1037173/). Dank die Here vir die geneesmiddel wat gevind is en vir so baie wat nou voordeel daaruit trek. Hou aan met bid vir die baie mense in arm nasies wat aan leprose ly, dat hulle fisies gesond sal word en ook die geleentheid sal kry om Christus te vind en te volg.

Maandag 26 Januarie 2009
Gebedsfokus op redding: Seuns en dogters
Alle kinders bereik 'n stadium waar hulle die gesag van hulle ouers, onderwysers of enige ander vorm van gesag oor hulle uitdaag. Die manier waarop diegene wat op daardie stadium in gesagsposisies oor hulle gestel is, reageer; kan hulle lewensuitkyk lewenslank positief beïnvloed of benadeel. Ons het almal op verskillende stadiums in ons lewens teregwysing nodig, of ons jonk of oud is. Bid vir seuns en dogters wat diegene wat vir hulle sorg, met opstandige gedrag uitdaag. Vra dat God Homself op spesiale maniere aan hulle sal openbaar, hulle harte sal versag en hulle sal help om op te groei in fantastiese jong mense met integriteit. Vra spesifiek dat die Here hulle persoonlike beeld van 'n goeie en betroubare vader in hulle verhouding met hulle hemelse Vader sal herstel. Bid veral dat kinders van kleins af naby verhoudings met hulle vaders sal hê, sodat hulle beeld van God nie skade opdoen nie.

Gebedsfokus op redding: Die verlore mense om die Tanganjika-meer
Baie mense leef in armoede op die oewers van die Tanganjika-meer. Bid vir hulle redding en dat hulle die begrip van redding, berou, geloof, om gedoop en met die Heilige Gees vervul te word, sal verstaan. Bid vir die ou mense, die jeug en die kinders, dat elkeen van hulle 'n persoonlike ontmoeting met Jesus by die kruis sal hê. Vra dat elkeen die krag van die evangelie deur die kruis van Jesus en die bevryding van slawerny aan sonde sal ervaar (**1 Kor.1:18**). (Div du Plessis, webruimte: http://www.ltprayer.org, e-pos: gnews2@gmail.com).

Dinsdag 27 Januarie 2009
Gebedsfokus op rentmeesterskap: Dobbelverslawing
Kompulsiewe dobbel begin as ontspanning en vorder stadig tot op die stadium waar dit op drie gebiede ernstige gevolge vir beide die dobbelaar en sy/haar gesin het, naamlik: verstandelik, fisies en geestelik. Die vernaamste simptoom is ontkenning en die hoofkenmerk 'n verlies aan beheer. Ongeveer 75% van kompulsiewe dobbelaars vertel dat hulle vroeg in hulle dobbelry 'n groot wenslag gehad het. Hierdie wenslag lei tot fantasieë oor meer wenslae en 'n houding dat dobbel 'n maklike manier is om ekstra inkomste te verdien. Navorsing toon dat mense met 'n lae inkomste en werklose persone kwesbaar is. Jong mans tussen 16-30 wat op dobbelmasjiene speel en op perde wed, is in groter gevaar as hulle tydgenote wat loterykaartjies koop. Bingo, krapkaarte en masjiene is 'n groter versoeking vir ouer vroue. (Webruimte: http://www.health24.com/mind/Sexual_dysfunction/1284-1300,14269.asp). Bid dat mense wat vir plesier begin dobbel, die gevare van hulle speletjie sal besef en vroeg sal ophou. Bid dat Christene wat dobbel dit as sonde sal bely en sal wegdraai van die geluksgodin en terugkeer na God vir hulle daaglikse voorsiening. Dra spesiaal jong mans en ouer vroue in gebed op.

Deurbraak: Jode draai na Christus toe
Christian World News (*CWN*) berig dat daar 'n opmerklike oplewing in Israel is in die aantal Jode wat in Jesus glo - baie leiers sê dit is die sterkste groei sedert die tyd van Jesus en dat die Messiaanse beweging op die rand van 'n groot herlewing kan wees. Hoewel niemand seker is hoeveel Messiaanse Jode daar in Israel is nie, word daar geglo dat daar nou ongeveer 120 gemeentes en 10 000 tot 15 000 Jode is wat in Jesus glo. Tien jaar gelede, voeg die berig by, was daar slegs sowat 3 500 Joodse Gelowiges en 80 gemeentes. (*Breaking Christian News*, e-pos: editor@breakingchristiannews.com). Dank die Here vir elke Joodse persoon wat hulle lewe aan Christus oorgee. Dank die Here dat Hy ons gebede beantwoord.

Woensdag 28 Januarie 2009
Gebedsfokus op onderwys: MIV/VIGS eis meer as een onderwyser per dag
Tot soveel as 40 van Suid-Afrika se onderwysers sterf elke maand aan vigsverwante siektes. Dit toon dat die veldtog om die publiek i.v.m. MIV/VIGS op te voed, nie werk nie, óf omdat die boodskap onduidelik oorgedra óf omdat dit nie geglo word nie. (Webruimte: http://blogs.thetimes.co.za/hartley/2008/04/15/aids-is-killing-more-than-one-teacher-a-day/). Die regering kan nie regtig die situasie verander nie. Trouens, geen mens kan dit doen nie. Bid asseblief dat die Kerk sy verantwoordelikheid sal opneem, eerstens in gebed om die situasie in ons land te laat omkeer, tweedens deur prediking wat reinheid beklemtoon en verder om op praktiese en betekenisvolle wyses uit te reik na diegene wat met MIV/VIGS geïnfekteer is. Vra ook dat meer mense oortuig sal word van hulle gevaarlike en verkeerde leefwyses, en hulle harte na God toe sal keer en Hom alleen sal dien.

Gebedsfokus op evangelisasie: Die Nama-/Damaravolk
Die Nama was een van die eerste volke wat Namibië binnegegaan het. Die Nama-/Damaravolke (gekombineerde bevolking van ongeveer 190 000) van sentraal- en suid-Namibië in Afrika is nou verwant aan die Boesman, met 'n soortgelyke Koisan-taal. Hulle is nie onbekend met die invloed van sendelinge nie, maar is tradisioneel 'n baie bygelowige volk. Evangelisasie onder die Nama-/Damaramense moet die ware evangelie in hulle harttaal kommunikeer. Bid asseblief die Here van die oes om meer voltydse werkers te stuur wat hulle taal kan leer praat, hulle vertroue sal wen en baie na Jesus toe sal lei.
(Webruimte: http://www.forgottenpeoples.info/nama/nama_o.htm of e-pos: swacsc@iafrica.com).

Donderdag 29 Januarie 2009
Gebedsfokus op geregtigheid: Radikale plan vir 24 uur-howe
Senior advokate in Suid-Afrika het met 'n radikale plan vorendag gekom om tierende misdaad en die slakkepas van die regstelsel te takel: 24 uur kriminele howe wat gratis deur privaat regsgeleerdes beman sal word, word voorgestel. Die voorgestelde wetgewing sal twee oogmerke hê: dit sal 'n beleid van 'geen verdraagsaamheid' handhaaf deur mindere oortredings onmiddellik af te handel en geweldsmisdade waar die vrylating van die beskuldigde of vertraging in vervolging die openbare veiligheid in die gedrang kan bring, te teiken. Daar sal baie voordele wees, o.a. die vermindering van die oorbevolking in tronke. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=79&art_id=vn20080515055346704C109698&newslett=1&em=177813a1a20080515ah). Laat ons bid vir Goddelike wysheid vir diegene wat hierdie wetgewing voorstel. Bid vir hulle vir guns, en vir diegene wat hierdie taak aanpak, dat hulle in geregtigheid en regverdigheid sal wandel in alles wat hulle doen. Bid ook vir gewilligheid van privaat of selfs afgetrede regsgeleerdes om hulle dienste gratis aan te bied.

Deurbraak: Bid vir die Comore-eilande
Baie dankie dat u aanhou bid vir die Comore-eilande. Gee aan die Here al die eer vir nuwe bekeerlinge. Gedurende die maande April en Mei 2008 is tot 22 Gelowiges op een eiland alleen ingeskryf. Daar word berig dat daar 'n konstante straaltjie nuwe Gelowiges is en dat die eilande binnekort vir Jesus gewen kan word. Bid ernstig hiervoor. Bid ook dat die jong leiers getrou sal wees en dat jong Gelowiges geestelik sal groei. Hou ook aan bid vir

die Bybel-en-literatuurprojek, wat fondse benodig om voltooi te kan word. (Bron: Vertroulik. E-pos: rentia@lfn.org.za).

Vrydag 30 Januarie 2009

Gebedsfokus op openbare gesondheid: Nuwe statistiek toon miljoene meer is MIV-positief

Volgens statistiek wat deur die *Ontwikkelingsbank van Suid Afrika (OBSA)* bekendgemaak is, is meer as 7,6 miljoen Suid-Afrikaners MIV-positief – 2,2 miljoen meer as wat die Departement van Gesondheid se syfers vir 2007 meld. Die data waarop hierdie statistiek gebaseer is, is waarskynlik betroubaarder aangesien dit op grondvlak ingesamel is en nie op skattings gebaseer is nie. Die hoogste tempo van infeksie kom nou voor onder mans oor 50 en vroue onder 40, terwyl die tempo onder volwassenes van vrugbare leeftyd skynbaar afneem weens siekte en dood. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?newslett=1&em=177813a6a20080504ah&click_id=13&art_id=vn20080504084109386C950315&set_id=1). Laat ons tot God roep om hierdie gety in ons land te laat draai. Bid vir die duisende wat sterf, dat elkeen die geleentheid sal hê om 'n keuse vir Christus te maak. Vra die Here om vir jou te wys hoe jy die evangelie ten minste een keer per dag of per week met iemand kan deel.

Gebedsfokus op lewensverandering: Ondersteuning vir minderbevoorregte kinders en jong mense

Kerkvervolging in Oos-Europa veroorsaak probleme vir Christene wat probeer om met die Goeie Nuus van Jesus op praktiese maniere uit te reik. Bid vir *Siloam Christian Ministries*, wat kampe vir minderbevoorregte kinders en jong mense in Oos-Europa en Portugal ondersteun. Vra dat daar 'n geestelike honger sal kom sodat kinders en jong mense 'n Christelike lewenstyl sal kies bo opsies soos dwelmmisbruik en kinderprostitusie.
(*Christian Today News*. Webruimte:
http://www.christiantoday.com/article/persecuted.christians.in.ukraine.praise.god.in.spite.of.hardships/20502.htm
of e-pos: newsletter@christiantoday.com).

Saterdag 31 Januarie 2009

Gebedsfokus op huishoudings: Meer huise met lopende water

Die gedeelte van Suid-Afrikaanse huishoudings wat in informele woongebiede woon, het van 16,4% in 2001 tot 14,4% in 2007 gedaal, terwyl 74,4% van huishoudings nou toegang het tot water in pypleidings in vergelyking met 72,1% in 2001. Suid-Afrika se bevolking het oor dieselfde tydperk van ongeveer 44 miljoen tot sowat 48 miljoen mense vermeerder. Die opname het 'n styging getoon in die persentasie huishoudings wat elektrisiteit gebruik vir beligting (van 69,7% tot 80%), vir kook (van 51,4% tot 66,5%) en vir verhitting (van 49% tot 58,8%) tussen 2001 en 2007. (Webruimte: http://www.southafrica.info/about/social/communitysurvey-housing.htm). Dank die Here vir elke huishouding wat nou toegang tot water en elektrisiteit het. Laat ons nie ontmoedig raak deur die baie elektrisiteitsprobleme nie, maar onthou om God te loof vir die beantwoording van so baie gebede. Hou aan met bid vir diegene wat vir hierdie sektor verantwoordelik is, dat hulle goddelike wysheid sal ontvang om ons groeiende ekonomie te bestuur, veral ten opsigte van beplanning vir die toekoms.

Gebedsfokus op onbereikte mense: Tanganjika-meer, aangrensend aan Zambië, Tanzanië, Kongo en Burundi

Bid vir die verlore mense om die Tanganjika-meer wat deur leuens, kultuur en tradisie in towery vasgevang is. Mense het van die Kerk gehoor, maar weet nie wat dit beteken of wie Jesus is nie. Hulle offer nog steeds mense aan die geeste van die meer ten einde met goeie visvangste geseën te word. Hulle bid terselfdertyd ook tot God vir hulp en om vir hulle te voorsien. Bid dat hulle oortuig sal word van sonde en sal wegdraai van hulle bose weë. Bid dat die leiers van die kerke elkeen 'n persoonlike verhouding met die Here sal hê en ook hulle rug sal draai op towery en die bose, dat wêreldse beginsels uit die Kerk verwyder en met Bybelse beginsels vervang sal word (**Ef.4:22-25**). Bid dat hulle sal sien dat Jesus Christus die Enigste Ware God is en dat hulle hul van afgodery sal bekeer. (*ProChristo.* Webruimte: www.ltprayer.org of e-pos: diveleanor@gmail.com).

Sondag 1 Februarie 2009

Memoriseer
Niks is vir God onmoontlik nie (**Luk.1:37**).

Verhef U Naam: Jahweh-Elohim, ons verhef U Naam oor die hele aarde as die Skeppergod (**Gen.2:4-25**). Mag alle mense U erken en aanbid as die een en enigste Skepper van die aarde en die hemel.
Openbaar Sy karakter: Wonderlike en goeie Here, laat die Kerk opstaan, lewe en verkondig dat die Here wonderlik goed is vir die mense wat op Hom wag en Hom soek, dat dit goed is om geduldig te wag op die hulp van die Here (**Klaagl.3:25-26**). Gee dat die Kerk sal weet en dit bekend sal maak dat ons God 'n God is wat red! Die oppermagtige Here red ons uit die dood (**Ps.68:21**).
Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners dat die Here regeer; laat die volke bewend Sy gesag erken. Hy woon by die gerubs; laat die aarde sidder! (**Ps.99:1**). Ons loof U, o God, ons loof U! U is by ons, U magtige dade moet bekend gemaak word (**Ps.75:2**).
Pleit vir genade: Jesus Christus, wees genadig, vergewe ons omdat ons U Naam minag en laster.

Gebedsfokus op berou: Aborsie in SA
Op 1 Februarie 1997 is aborsie op aanvraag in Suid-Afrika gewettig. 1 Februarie 2009 is die twaalfde herdenking van die wettiging van aborsie in Suid-Afrika. Die doel van hierdie dag van berou is om leraars in Suid-Afrika aan te moedig om te preek oor dit wat die Bybel oor aborsie leer. Daar word ook gehoop dat baie Christene 1 Februarie sal gedenk as 'n *Nasionale Dag van Berou* oor die sonde van aborsie. Wil jy dit nie oorweeg om jou gemeente te mobiliseer om hierdie Sondag oor hierdie saak te bid nie? (*Africa Christian Action*, Posbus 23632, Claremont, 7735. Tel.: 021 689 4481, faks: 021 685 5884. Webruimte: www.christianaction.org.za of e-pos: info@christianaction.org.za).

Maandag 2 Februarie 2009

Verhef U Naam: Jahweh-Eloheenu, ons verhef U Naam as die "Here ons God" oor die hele aarde (**Deut.6:4**). Mag alle volke U die "Here ons God" begin noem.
Openbaar Sy karakter: Heerlike Here, laat die Kerk opstaan, lewe en verkondig wie U is tot al die volke U goedheid leer ken het. Roep U Naam "die Here" oor hulle uit soos U dit destyds vir Moses gedoen het. Betoon genade en ontferming aan wie U dit wil betoon (**Eks.33:18-20**).
Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners dat daar vir ons 'n Kind gebore is, dat daar vir ons 'n Seun gegee is. Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors. Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en oor Sy koninkryk regeer. Hy sal dié koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd. Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here die Almagtige sorg (**Jes.9:6-7**).
Pleit vir genade: Jesus Christus, wees genadig, vergewe ons omdat ons ons besig hou met toordery en meedoen aan die raadpleging en oproep van geeste. (**2 Kon.21:6**).

Gebedsfokus op redding: Onderwysers
Daar is tans 'n tekort aan onderwysers in ons skole. Sommige klasse is so groot dat dit feitlik onmoontlik is om bloot orde te handhaaf, laat staan nog om enige onderrig te gee. Dis vandag moeiliker as ooit om leerders te dissiplineer. Baie onderwysers is ook oorlaai met verpligtinge na skool. Bid vir die onderwysers, dat hulle geduld en baie genade sal ontvang, met die leerders en met hulleself. Bid dat Christen-onderwysers baie geleenthede sal kry om vir God te getuig. Vra dat ongelowige onderwysers 'n honger en dors na God sal kry en dat hulle lewens sal verander.

Dinsdag 3 Februarie 2009

Verhef U Naam: Jahweh-Elohaj, ons verhef U Naam as die "Here my God" oor die hele aarde (**Sag.14:5**). Mag al die volke begin om U die "Here my God" te noem.
Openbaar Sy karakter: Here, niks is vir U onmoontlik nie! Laat die Kerk opstaan, lewe en aan elke volk, taal en nasie op die aarde verkondig dat wat vir mense onmoontlik is, vir God moontlik is (**Mark.10:27**). Maak dit as hartskennis aan die Kerk bekend dat soos die hemel hoër is as die aarde, so is U gedagtes verhewe bo ons gedagtes en U weë bo ons weë (**Jes.55:8**).
Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners dat God die wêreld so liefgehad het dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê (**Joh.3:16**).
Pleit vir genade: Jesus Christus, wees genadig, vergewe ons dat ons haat saai.

Woensdag 4 Februarie 2009

Verhef U Naam: Jahweh-Eloha, ons verhef U Naam as die "Here jou God" oor die hele aarde (**Luk.10:27**). Mag alle mense daartoe kom om U lief te hê met hulle hele hart, en met hulle hele siel en met al hulle krag en met hulle hele verstand.
Openbaar Sy karakter: Wyse en magtige God, laat die Kerk opstaan, lewe en verkondig dat ware wysheid en krag by U te vind is; by U is raad en insig (**Job 12:13**). Laat die Kerk verstaan en verkondig dat wysheid begin met die dien van die Here, en mag sy die kennis omtrent die Heilige verkry wat tot ware insig lei (**Spr.9:10**).
Verkondig Sy werke: Ons verkondig aan die aarde en sy bewoners dat Hy ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel het van Sy Seun wat Hy liefhet, deur wie se bloed ons verlossing verkry het, die vergewing van ons sondes (**Kol.1:13-14**).
Pleit vir genade: Jesus Christus, wees genadig, toon U krag aan dié wat teen U saamsweer en maak die stem van die aanklaer stil.

Is jy 'n ware man?

Dawid sê in **1 Kron.29:17**: *Ek weet, my God, dat U die hart ondersoek en dat U opregtheid wil hê. (I know, my God, that you test the heart and are pleased with integrity. NIV)* Wat beteken integriteit werklik? Integriteit is dit wat ons dink en doen wanneer niemand ons sien en waarvan niemand anders ooit sal weet nie. Dit is om so te leef dat ons nie omgee of God of mense alles weet wat ons doen nie. Dit is 'n lewe waar dit wat ons sê, dink en doen nie vir ons 'n verleentheid sal wees as ons vrouens, kinders en kollegas dit moet weet of as dit in die koerant gepubliseer sal word nie. Dit is wanneer ons so leef dat ons woorde, dade, karakter en dit wat God van ons verwag, ooreenstem. Dit is wanneer mý karakter met die karakter van God ooreenstem. Vir 'n Christen is integriteit om God (Homself, Sy wil en voorskrifte) konsekwent onder alle omstandighede en enige vorm van druk te kies. 'n Man met integriteit word nie beheer deur vrees vir mense of deur druk wat op hom uitgeoefen word nie. Jesus se *kritici* moes op die ou end erken: *Meneer, ons weet dat u iemand is wat u mening eerlik uitspreek sonder om mense in aanmerking te neem, want u let nie op die aansien van persone nie. U is getrou aan die waarheid en so maak u die wil van God bekend* (**Mark.12:14**) Dit is integriteit. Ons lees in **Dan.6:4** *Hierdie Daniël het deur sy buitengewone bekwaamheid so uitgeblink bo die ander ministers en die goewerneurs-generaal dat die koning van plan was om hom oor die hele koninkryk aan te stel.* Dit is integriteit. Kyk na die belofte van God vir hulle wat met integriteit lewe: *Wie opreg (met integriteit) leef, leef sonder vrees.* (*He who walks in integrity, walks securely)* (**Spr.10:9**) Vir die man van God, 'n man van integriteit, gaan dit nie daaroor om goed oor homself te voel nie, maar om reg te voel oor homself, m.a.w. om te weet dat hy rég leef.